



In hierdie uitgawe...

Voorblad

Kerknuus:

Beroepenuus

Nuus oor predikante

Bedieningsnuus

Advertensies en kennisgewings

Sinodaal

eHervormer

www.hervormer.co.za

Voorblad

Vrouedag 2008

Wat beteken Vrouedag vir die vrou van vandag?
Gaan dit nie maar dikwels ongesiens verby sonder dat ons vroue werklik nadink oor ons rol as vrou nie?

Vroue leef vandag in uiters moeilike omstandighede, met uitdagings en onsekerhede wat soms veeleisend raak. Die ekonomiese toestand in ons land en die finansiële druk waaronder ons daaglik verkeer, dwing vroue om voltydse beroepe te beoefen en boonop suksesvol te wees. Heelwat vroue het natuurlik ook 'n begeerte om 'n beroep van hul keuse te beoefen en geniet die uitdaging en stimulasie. Daarmee saam moet die vrou steeds haar huishouding versorg, want dit bly steeds grootliks die vrou se verantwoordelikheid. Sy ondersteun ook haar eggenoot wat onder net soveel stres en in moeilike werksomstandighede verkeer. Beroepsgeleenthede word ook al hoe minder vir ons mans, en die vereistes wat aan hulle gestel word al hoe meer. Ons bekommer ons ook eindeloos oor ons gesinne en families se veiligheid.

Jong paartjies wat wil neskop, worstel ook met die besluit of hulle nie eerder 'n toekoms in 'n ander land moet gaan soek nie. Sal die gras werklik groener wees aan die ander kant, en sal die geleentheid werklik soveel meer wees?

Natuurlik is 'n vrou ook soveel meer geheg aan familie en vriende. Sy sal moeilik so 'n groot lewensverandering wil ondergaan, en sy twyfel of sy haar kinders in 'n ander land wil grootmaak.

Die jonger vrou is ook nie altyd seker van haar plek in die kerk nie. Dit is vir jonger paartjies belangrik om saam met ander gelowiges van hul eie portuurgroep hul geloof te beoefen. Eers wanneer jy tuis is en gemaklik voel tussen jou medegelowiges in die kerk, sal jy uitreik en betrokke raak. Vroue het sonder twyfel 'n behoefte om geestelike ondersteuning te ervaar in die kerk, en om te voel hulle kan 'n betekenisvolle bydrae iewers maak.

Wat sal die vrou van Suid-Afrika in vandag se lewe dan te doen staan? Vier op Vrouedag — nee, elke dag — die feit dat jy 'n vrou is. 'n Vrou wat sterk staan in die wrede wêreld daarbuite.

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:

Webblad van die Hervormde Kerk -

www.nhk.co.za

Hervormer webwerf -

www.hervormer.co.za

e-Hervormer -

www.hervormer.co.za/page03.html

Hervormer LIG! -

www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie -

epos@hervormer.co.za

Nuus en berigte -

nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Die Kerknuus word saamgestel deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die AKV.



'n Vrou op wie haar man en kinders kan steun en na wie hulle kan opkyk. 'n Vrou wat 'n warm en gelukkige huis vir haar gesin skep. 'n Vrou wat haar geloof elke dag uitleef in alle omstandighede. 'n Vrou wat uitreik na medegelowiges en streef na geestelike vervulling. 'n Vrou wat op haar knieë gaan en onophoudelik bid vir haar land, haar man en haar kinders.

Mag jy as vrou deur die krag van jou geloof en die krag van gebed 'n gelukkige en trotse Suid-Afrikaanse vrou wees op hierdie Vrouedag van 2008.

— **Janette van Rooyen**
Predikantsvrou: Rooihuiskraal

Kerknuus

BEROEPENUUS

► Beroepe aanvaar

- **Ds Johan du Preez**, Polisiekapelaan van Pietersburg en deelydse predikant van Welgelegen-Pietersburg na Van der Hoff
- **Ds Dirk van Rooyen** van Krugersdorp-Wes na Carletonville

► Beroep bedank

Ds Gerrie Senekal van Lichtenburg na Premiermyn

NUUS OOR PREDIKANTE

► Die Kerk se voorbidding word vir die volgende gesinne gevra:


- **Ds Gert (GC) van Staden**, emerituspredikant, se seun, Kobus, is verlede week in 'n motorfietsongeluk oorlede. Hy laat sy vrou, Karen, en twee seuns agter. Hy was die jonger broer van ds Jan van Staden van Bronkhorstspuit.
- **Ds Freek van der Merwe** het 'n groot operasie in die Unitas-hospitaal ondergaan.
- **Ds Gert (GJ) van Staden**, benoemde predikant van die ring van Bothaville, se vader is verlede week oorlede. Hy het kanker gehad. Hy was 'n bekende in kerklike kringe.
- **Ds Piet Steenkamp** wag steeds op 'n hart vir 'n hartoorplantingsoperasie. Hy het reeds vanaf Durban na Pretoria verhuis om naby te wees indien 'n hart beskikbaar raak. Hy en sy familie ervaar groot beproewing.
- **Mev Joey Truter**, eggenote van dr Jan Truter, ontvang tans weer intensiewe behandeling teen kanker. Na vorige behandelings van chemoterapie en bestraling het dit beter gegaan, maar ongelukkig is sy nog nie genees nie. Ook die gesin ervaar reeds oor 'n lang tydperk beproewing, maar gaan steeds met hulle werk in die Kerk voort.

Teken in op e-Hervormer...

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die 'Teken in'-opsie.

[Terug na Voorblad](#)



- Mnr **Elmar Struwig**, hoofrekenmeester van die Kerk, se vader is verlede week oorlede. Hy is Maandag 4 Augustus begrawe. Die dankdiens het plaasgevind by Ons Tuis, waar hy en sy vrou onlangs hulle intrek geneem het.

► **Dr Willem Smith** is tans beroepafwagting en beskikbaar vir preekgeleenthede, maar ook vir geleenthede en werksinkels in sterwensorg, rouorg, verlies- en traumahantering en MIV/vigs. Hy kan gekontak word by 082 778 7360.

► **Ds Johnny Young** en sy eggenote, Marlize, word op Sondag 10 Augustus deur Gemeente Rustenburg-Tuine ontvang. Hy was voorheen predikant in Gemeente Vanderbijlpark-Suid. Ds Young word tydens die geleentheid deur ds Louis Venter, sy medeleraar in Rustenburg-Tuine, in sy amp bevestig, waarna hy sy intrepreek sal lewer. Ds Hannes van der Merwe sal namens die ring van Rustenburg groete en gelukwense oordra.

► **Ds Stephan (Oppies) Opperman** berig soos volg uit Afganistan:

Dit gaan nog goed hier in die land van die Mediërs en Perse. Die liewe Vader bly ons genadig en sy werk gaan voort ten spyte van die aanslae.

Die e-gemeente het nou gegroei tot net so oor die 200, waarvan 163 in Afganistan en 18 oor die res van die wêreld (onder andere Italië, Nigerië, Uganda, Dubai en Kroasië) versprei is. Die vorige berigte het navrae van gemeentelêde in SA gebring, wat my in kontak gebring het met van ons lidmate wat in die buiteland werk. Ek voel nederig en klein om te dink dat ek met hierdie bediening besig mag wees.


Die reaksie van die ontvangers wissel van 'Dankie, Oppies' tot 'Help asb met die volgende dilemma', wat dan verduideliking vra oor geloofsvrae wat ek soms onbevoeg voel om te beantwoord. Die bediening het individue ver bo my verwagting aangeraak, sodat ek maar net stom voor die Here moes raak, gedagtig daaraan dat ek net die werktuig in sy hande is.

Afganistan bly 'n land van uiterstes. Sneeu regdeur die jaar op die bergpieke, die tuiste van die erg bedreigde sneeuluipeerd, terwyl ons hier in die woestyn uitbraai in die son. Van minus 25 grade wat ek in Januarie beleef het tot 55 grade verlede maand terwyl ons op die pad uit was met werk. Die laaste week het dit darem koeler begin word, ons is nou daagliks so in die lae 40's in die skaduwee, waar dit beskikbaar is.

Die veiligheidsituasie hier begin ook slegter word. Die NAVO-magte het in Mei en Junie meer verliese hier as in Irak gehad, die eerste keer sedert die oorlog hier in 2001 begin het. Met Ramadaan net om die draai, maak ons ons reg vir 'n laaste verbete poging van die Taliban en Al Qaida in hulle poging voor die koue wintermaande weer aanbreek. Daar is nog steeds lidmate hier waarmee ek nie kontak het nie. Laat weet hulle asb dat hulle met my kan kontak maak.

'n Dag of twee gelede het hy die volgende berig deurgegee:

Hoop dit gaan nog goed met julle daar in die 'paradys'. Hier in die woestyn gaan dit nog steeds goed met my. Die hitte vang ons nog party dae, raak darem so 'n bietjie koeler, dit was vandag die warmste in die laaste week (47 grade C in die skaduwee), waar ons die laaste 2 maande gereeld in die 50 grade was.



Na die groot ontsnapping uit die tronk hier in Kandahar (meer as duisend gevangenes wat meer as 400 Talibanne ingesluit het) het ons dit ook oor die laaste maand en 'n half rustiger in die stad gehad. Die wyer area om die stad en op die hoofroetes noord na Kaboel en wes na Iran is egter 'n ander storie. Daar is daaglikse aanvalle op die veiligheidsmagte wat op hierdie roetes beweeg. Die sekuriteitsgroepe wat logistieke konvoie oppas wat op die paaie beweeg, word ook feitlik daaglikse aangeval. NAVO het ook elke maand oor die vorige 2 maande meer soldate hier in Afganistan as in Irak verloor.

(Ds Opperman se e-pos is 32oppies@gmail.com. U kan gerus met hom korrespondeer.)


BEDIENINGSNUUS

- Gemeente **Barberton** het prof Bieks Beukes versoek om vir die volgende maand of twee pastorale werk in die gemeente te verrig. Die gemeente was nie suksesvol met sy eerste twee beroepe nie. Die kerkraad gaan dadelik onder leiding van hulle konsulent, ds Marietha Engelbrecht (MacDonald), voort met hulle beroepswerksaamhede. Die pastorale werk deur prof Beukes is noodsaaklik om te voorkom dat daar verder verval en agteruitgang in die gemeente plaasvind.
- Gemeente **Van der Hoff** vier oor die naweek van 30 en 31 Augustus sy 75ste bestaansjaar. Alle oudlidmate word uitgenooi na die Nagmaalete op 31 Augustus in die kerksaal. Die gemeente se nuwe predikantspaar, ds en mev Johan du Preez, word ook oor dieselfde naweek ontvang.
- Gemeente **Rustenburg-Tuine** vier op 14 Augustus sy 20ste bestaansjaar. Op Donderdag 14 Augustus vind vroegoggend om 06:00 'n verootmoedigingserediens plaas. Daarna vind op verskillende datums feesvieringgeleenthede plaas. Die hoogtepunt is op Sondag 17 Augustus wanneer die gemeente Nagmaal hou. Alle vorige predikante sal by die Nagmaalerediens optree. 'n Gedenkblad sal ook by die geleentheid beskikbaar wees.
- Gemeente **Olifantsfontein** het met sy kerkbouprogram begin by Midstream. Dit is 'n ware geloofsdaad. Onder leiding van ds Andorette Greyling is die gemeentelede vuur en vlam om die projek so gou moontlik af te handel. Die gemeente het reeds vir die erf betaal en uitgrawings het in alle erns begin.

Op die foto verskyn, saam met 'n aantal begeesterde lidmate, ds Dries Beukes (voorsitter van die Raad van Finansies), dr Christo van der Merwe (voorsitter van die Taakspan), ds Andorette Greyling, mev Janse van Rensburg (administratiewe beampte van Olifantsfontein en moeder van ds Hannes Janse van Rensburg (jr)), dr Gerhard Lindeque (predikant van Rooihuiskraal), dr Jan Oberholzer (sekretaris van die Taakspan), mnr Kobus Viljoen (administrateur), ds Herman van den Berg (voorsitter van die ring van Pretoria-Wes) en mnr Piet Beukes (mannekragbestuurder).

Die foto is geneem in snerpende koue, soos die kleredrag ook wys. Die gemeente sal volgende jaar by gemeentes van die Kerk aanklop om finansiële hulp om met dié grootse projek te help. Op die kennisgewingbord is 'n tekening van hoe die meerdoelige kerkgebou gaan lyk.

- Gemeente **Oos-Londen** het besluit om sy standplaas te wysig na deelydse bediening. Dr en mev Gerrie Bloem het die afgelope vyf jaar in die gemeente gewerk en dit gaan goed in die gemeente. Dr Bloem aanvaar aan die einde van September emeritaat. Voordat die kerkraad 'n beroep uitbring, moet die standplaas eers gewysig word. In die ring is dit net die gemeentes Bloemfontein en Bloemfontein-Wes wat volledigversorgde standplase het.



■ Nuus uit Zimbabwe

Ouderling Ben Steyn skryf soos volg:

Goeiedag aan julle almal. Hier gaan dit goed, ook met die gesondheid. Ek hoop om dieselfde van julle te hoor. Met al ons lidmate gaan dit onder die omstandighede nog goed, deur die genade van ons liewe Heer.

Ek wil graag namens ons almal weer eens baie dankie sê vir al die goedere wat vir ons gestuur is saam met dr Wilhelm (Coetzer) en sy vrou, Tessa. Dit was weer eens aangenaam om hulle hier by ons te hê. Dankie vir die erediens en werk wat gedoen is. Ons het weer 'n ete by Piet en Nellie Buckle gehad. Baie dankie veral vir die eiers en margarien en veral die kontant. Ek het dit versprei saam met die kratte kruideniersware. Die NG-mense se goedere is alles aan die Pools oorhandig. Dankie ook vir die klere, dit sal beskikbaar gestel en uitgedeel word. Die klere is baie welkom en baie mense vind baat daarby en is dankbaar daarvoor.

Met die volgende besoek in hierdie maand wil ons graag Nagmaal hou. Die dominee moet maar so voorberei. Ek wil ook vra of hy asseblief vir ons weer 2 brode kan saambring vir die Nagmaal. Ons het nou genoenig wyn.

Nou so 'n bietjie ander nuus. Ons geldsake is nou weer in 'n totale chaos. Ek weet nie of julle dit al gesien het op die nuus nie. 1 biljoen dollar is nou 10 c, 2 biljoen is 20 c, 5 biljoen is 50 c, 10 biljoen is 1 dollar, 50 biljoen is 5 dollar, 20 biljoen is 2 dollar. Ek kan nog nie die hele prentjie duidelik kry nie, maar dit lyk nou of ons pensioenarisse wat onder een biljoen pensioen trek, niks gaan kry nie. Ons sal nou nog maar moet sien, want daar word nie in onder 10 sente gewerk nie, en dit wil voorkom asof net die 'ryk mense' nou gaan geld hê. Al ons beleggings wat nog daar was, is nou weer totaal vernietig. Niks maak meer sin nie, ons moet nou maar net bly hoop en vertrou op die liewe Heer, dat daar weer standvastigheid sal kom.

Ons kyk uit vir die volgende predikant se besoek, en miskien kan ons weer huisbesoek doen indien hy vir 'n dag of so hier kan wees.

Hartlike groete in Christus en Gods rykste seën.

Advertensies en kennisgewings

- Gemeente Randburg, in samewerking met BARNYARD Theatre Cresta, bied op 24 September 2008 aan: **The Boys are Back in Town.**

Alle fondse is ten bate van CHOC Childhood Cancer Foundation Johannesburg.
Pryse: R150 per persoon (eetgoed word voorsien) of R125 per persoon (bring eie eetgoed)



Kaartjies is slegs by die gemeentelike kerkkantoor beskikbaar.

Kontak Elna by 011 787 4893 ElnaV@nhk-randburg.org.za

of ds CJ van Wyk by 011 787 3020 / 082 898 2315 cjvwk@nhk-randburg.org.za

[Terug na Voorblad](#)



● **Aansoeke word ingewag vir die pos: SEKRETARIS IN KERKVERBAND – BYBELGENOOTSKAP**

Die Bybelgenootskap wil graag in samewerking met die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering 'n opvolger vir ds WH Steyn aanwys wat op 1 November 2008 diens kan aanvaar.

NAVRAE

Die Administrateur, mnr JF Viljoen, by telnr 012 322 8885

AANSOEKE MET CV VOOR 31 AUGUSTUS 2008 AAN

Die Mannekragbestuurder

Mnr P Beukes

Posbus 2368

PRETORIA

0001

● **DIEPSEE HENGELVAKANSIE IN 'TOFO' MOSAMBIEK**

4 PERSONE 7 DAE, DIE VOLGENDE INGESLUIT:

VERVOER VANAF KOSTER/PRETORIA NA TOFO EN WEER TERUG, ETES, VERBLYF, BOOT EN STOKKE VIR HENGEL.

DATUM AANPASBAAR BY WENNER. BRING SAKGELD EN PASPOORT. KAARTJIES SLEGS R50. TREKKING 6 SEPTEMBER 2008.

AANGEBIED DEUR GEMEENTE KOSTER

KONTAK: KOOS VORSTER 072 403 2518

MARTIN VORSTER 082 874 7642

Prys ter waarde van ongeveer R30 000!!!!

● **BYBELFEES: AFRIKAANS 75**

Die Bybel in Afrikaans is vanjaar 75 jaar oud. Daar is nog heelwat mense wat die opgewondenheid kan onthou toe die volledige Bybel in Afrikaans in 1933 vir die eerste keer verskyn het. Daardie Bybel was vir baie jare die bron van kennis van God se ontferming oor die mensdom, en het baie mense na Hom gelei. Dit is voorwaar 'n rede om dankbaar te wees en fees te vier.

Daar is 'n dankfees in Pretoria gereël vir mense in die omgewing: Dit vind plaas vanaf 15:00 op 10 Augustus in die Senotaafsaaal van die Voortrekkermonument. Alle belangstellendes word hartlik daarheen uitgenooi. Die program sal onder meer uit die volgende bestaan:


- Orrelspel deur Riaan Steyn
- Samesang
- Koorsang deur die F Kruis-koor onder leiding van Attie Rossouw
- 'n Kooritem deur die Laerskool Garsfontein onder leiding van Amanda Nothnagel
- Die Feesdiens gelei deur die voorsitter van die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap, ds CJA (Tony) Simpson
- Sangitem deur Piet Smit
- Die bekendstelling van die gedramatiseerde oudioweergawe van die 1983-vertaling van die Nuwe Testament, Psalms en Spreuke in Afrikaans

Daar is met die beheerliggaam onderhandel dat 'n toegangsfooi tot die terrein van slegs R10 per motor gevra sal word. Toegang tot die Senotaafsaaal is gratis. Kom gerus vroeg, want die saal word per wenteltrappe bereik. Daar is 'n hyser vir gebruik deur persone met gestremdhede.

Die verrigtinge behoort teen 16:30 ten einde te loop.

Dit sal 'n fees wees waar ons aan ons dankbaarheid uiting gee omdat die kosbare kleinood reeds 75 jaar in ons eie taal beskikbaar is. Ons sien u graag daar!

Navrae: Ds Wilhelm Steyn, Bybelgenootskap van Suid-Afrika
steyn@biblesociety.co.za. Tel 011 970 4010 en 083 448 2134



● **OTTOSDAL-OESFEES BERGFIETSWEDREN**

DATUM: Saterdag 16 Augustus 2008

Tyd: 10:00-14:00

Plek: Wegspring op Oesfeesterrein Ottosdal. Roete oor die rooi rantjies om Ottosdal

Afstande: 42 km, 21 km, 10 km

Inskrywings kan vooraf per e-pos of faks gedoen word. Lyninskrywings ook vanaf 08:00-09:45

Navrae en inskrywingsvorme: Theuns 082 928 3688 of e-pos: frikkiesmith@yahoo.com

Kom tem die rooi rantjies om Ottosdal oor historiese terrein, terwyl die gesinslede wat nie ry nie kan ontspan en rondstap by die Oesfees op die terrein. Hierdie wedren groei elke jaar in getalle en is een van die beste in die weste!

■ **NAVI REDD. Suid-Afrika se top a cappella-groep tree op in die Kempton Park Burgersentrum.**

Vir meer inligting oor NAVI REDD besoek gerus hul webwerf by www.naviredd.co.za

Datum: 16 Augustus 2008

Tyd: 18:00 vir 19:00

Koste: Kaartjies wissel van R50 tot R120 per persoon

U kan Anneline of Rita kontak vir bespreking of verdere inligting by die onderskeie nommers 082 9247 344 of 082 323 5609.

Fondse ten bate van die NHKA Kemptonpark-Oos. God se hawe van hulp en hoop. www.kpo.co.za

■ **BYBEL PRETLOOP**

Plek: Voortrekkermonument

Datum: 9 Augustus 2008

Afstand: 5 km en 10 km

Tyd: 08:00

Medaljes vir almal. Navrae:

082 962 2870 of 012 370 3513



Horison Bergfietspretresies

Datum: Saterdag 16 Augustus 2008

Tyd: 07:00 – 12:00

Plek: Logwood Bike Haven,
Muldersdrift

Spanne: 2 – 5 fietsryers per span/aflos


Koste: R200 per span

Kontak: Bets 083 408 4005
Tinus 082 577 4067

Inskrywings: Enteronline
(www.entrytime.com)

Meer inligting: www.nhk.org.za

**PRET VIR OUD EN JONK! VERMAAK VIR DIE KINDERS!
HEERLIKE EETGOED TE KOOP!**



■ **Gemeente Primrose** se jaarlikse Lentemark vind plaas op Saterdag 30 Augustus op die kerkterrein (hv Castor- & Plutostraat, Fishershill). Daar is kosstalletjies met vetkoek, pannekoek, jaffels, nagereg, koek en nog vele meer. Vir die kinders is hope pret beplan met inkleurkompetisies, gesigverf, teikenskiets, ensovoorts. Buite-uitstallers is ook welkom.

Indien ons die teikenbedrag bereik, sal ds Paul J van Rensburg vir twee Sondae met sy kortbroek en tekkies moet preek.

Navrae Chris 011 828 1525 en Annatjie 083 360 2692.

■ **Die Nederlandssprekende Gemeente**, Sherborneweg 3, Parktown, hou Sondag 10 Augustus 'n *OPEN DEUR DIENST* en BYBELFEES

- Die *Open Deur Dienst* is 'n jaarlikse instelling en almal wat van Nederlandse afkoms is, belangstel in die Nederlandse taal of in die gemeente is, word genooi om saam te kom aanbid.
- Die Bybelfees is ter ere van die verjaardag van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap. Die geskiedenis van Nederlandse Bybelvertalings en die Nederlandse Bybelgenootskap, Bybelvertalings en interessante Bybels kom ook ter sprake.

Die gemeente se deur is oop. Almal is welkom.

■ **Die NHSV Wonderboompoort** hou 'n Biddag vir Vroue op 9 Augustus om 09:00. Prof Yolanda Dreyer neem die erediens waar en Tertia Knobel die begeleiding. Die tema is *Dankbaarheid vir dit wat ons nog onverdiend ontvang in hierdie moeilike tye*. Mans is ook welkom. Verversings sal na die tyd in die saal aangebied word. Navrae kan gerig word aan Giesela Schwarzer, tel 012 335 4181 of 083 709 9808.

■ **JAARLIKSE MUSIEKFEES – Krugersdorp-Noord**

Gemeente Krugersdorp-Noord bied weer hul jaarlikse Musiekfees aan op Vrydagaand 22 Augustus 2008 om 19:00 in die Klipkerk, hv Kruger- en Presidentstraat, Krugersdorp.

Die F # koor onder leiding van Attie Rossouw tree op. Attie rig verskeie kore af. Die orreluitvoering word gedoen deur Janandi van Schoor, wat so pas 'n CD uitgereik het saam met Wim Viljoen en ander kunstenaars.

Saam met haar tree ook die violis Günther Höne en die hobospeler Cameran Harris op.

Plaaslike kunstenaars tree ook op: Hoërskool Noordheuwel se koor, Paul Obermeyr, Marius Mynhardt, Rianda Fourie. Samesang sal ook plaasvind. Moenie hierdie uitmuntende geleentheid misloop nie.

Navrae: Ds Johan en Marita Fourie 011 953 1402 / 072 278 1456. Koste is R50.

Sinodaal

■ **45ste Nasionale NHSV Kongres 3 – 5 Julie 2008 – 'n Terugblik**


Tema: *Waar U gaan sal ek gaan...*

Vanaf Donderdag 3 Julie was 390 vrouelidmate byeen om NHSV kongres te hou in die AULA, Universiteit van Pretoria.

Die tema is toegelig deur drie sprekers:

- Prof Theuns Dreyer: Die geborgenheid in die geloofsgesin
- Dr Wilhelm Coetzer: Stukrag in die geloofsgesin
- Me Freda Wilkens: Die geloofsgesin van môre

Die fasiliteerder was prof Piet Geysers.



Uit al die verslae het dit duidelik geblyk dat die NHSV steeds voortgaan om dienswerk binne die gemeente, Kerk en gemeenskap te verrig, niesteenstaande moeilike omstandighede wat almal raak. 660 bejaardes word versorg en 70 studente ontvang jaarliks beurse en lenings van die hoofbestuur. Verskeie belangrike beskrywingspunte is bespreek en uiters belangrike besluite is geneem wat in die volgende termyn uitgevoer sal word. Alle rolspelers sal na afloop van die hoofbestuursvergadering op 6 September 2008 kennis ontvang van die volgende beskrywingspunte en aksiestappe:

- NHSV Dinamies vorentoe.
- Verhouding tussen die diakens en die NHSV.
- Begeleiding en ondersteuning aan getraumatiseerde lidmate in gemeenteverband.
- Bemagtiging van mishandelde vroue.
- MIV/vigs: Stop die stigma!
- Drank-en dwelmgebruik.
- Dissipline in huise en skole en die gemeenskap. Tydens die aanbieding van hierdie beskrywingspunt het me Ansie Kitching 'n skitterende inset gelewer.
- Armoedeverligting: fisies en geestelik. Dr Dawie Theron van Helpende Hand het by hierdie saak 'n inset gelewer, ook ten opsigte van Sol-Tech.

Tydens die openingsaand het prof Wim Viljoen (orrel) en Walter Johannes (trompet) opgetree; Vrydagaand 4 Julie het Oorwinningskinders en Saterdagoggend nog vier jong Hervormers opgetree.

'n DVD-aanbieding *Hervormde vrou die afgelope eeu* is tydens die openingsaand vertoon ('n MOET vir elke gemeente).

Die volgende dagbestuur is verkies: Marita Fourie (voorsitter), Celia Prinsloo (sekretaris), Mari-lizé Beukes (tesourier), Annette Smit (visevoorsitter), Loraine Retief (visesekretaris), Tessa Coetzer (visetesourier).

Besoek die NHSV se webblad: www.nhsv.co.za

■ **Pastorale beradingskursus: Genesing van emosionele pyn
Potchefstroom: 20 September 2008. Prof Wentzel Coetzer**

In hierdie kursus word na verskillende areas gekyk waar mense oor die algemeen emosioneel seerkry, reeds vanaf 'n baie vroeë stadium van hulle lewe. Indien sulke onverwerkte pyn maar net diep weggebêre word, is dit geneig om gedurende latere jare meer en meer na die oppervlakte te kom in allerlei verskuilde vorme. Daar word onder andere gelet op onverwerkte trauma wat dikwels die aanleidende oorsaak tot abnormale vrese is. Verder word ook sterk gefokus op die rol van die leuen, gekoppel aan insidente van verwerping en emosionele aftakeling. Genesing impliseer dan onder andere dat die leuen vervang moet word met die waarheid.

Daar word ook gefokus op die rol van ongesonde emosionele bande uit die verlede wat dikwels geneig is om emosionele en geestelike genesing te blokkeer. Talle voorbeelde word bespreek en praktiese riglyne vir die pastorale begeleiding van persone word aan die orde gestel.


Plek: Gastehuis aan linkerkant van hoofgebou van ALS-groep –
ongeveer 2 km uit Potchefstroom op JHB-pad (N12) aan linkerkant

Koste: R140 (sluit in sleutelnotas)

Tyd: 08:00 – 13:00

Navrae en bespreking: 083 660 0409 of wentzelcoetzer@telkomsa.net (huis)
wentzel.coetzer@nwu.ac.za (universiteit)

Handleiding te koop (opsioneel): R120



■ **Pastorale beradingskursus: Die wisselwerking tussen liggaam, gees en siel**
Potchefstroom: 25 Oktober 2008. Prof Wentzel Coetzer

In hierdie kursus word veral gefokus op die volgende aspekte:

- Die pastorale implikasies van die verbintenis liggaam/denke. 'n Bespreking van die sterk wedersydse invloed tussen liggaam en denke – ook die invloed daarvan op die immuunsisteem.
- Die rol van breinbeserings met betrekking tot pastorale berading. Hier gaan dit om die baanbrekerswerk van dr Daniel Amen op die gebied van breinskandering en die implikasies wat dit het vir pastorale berading.
- Pastorale implikasies betreffende die noue wisselwerking tussen liggaam, gees en siel. Hier word 'n samevatting gegee van die belangrikste aspekte in die boek *Blue Genes* deur dr Paul Meier *et al.* Hier gaan dit veral oor die rol van medikasie met betrekking tot pastorale berading.
- Liggaamlike probleme as moontlike uitloeiings van onverwerkte trauma. In hierdie sessie word gefokus op die noue verband tussen onverwerkte trauma en sekere liggaamlike probleme. Soms vind daar spontane fisiese genesing plaas nadat trauma hanteer is.
- Die impak van intergeneratiewe trauma. Hier gaan dit oor die geweldige impak van een generasie se onverwerkte trauma op 'n volgende generasie – in besonder ook wat betref liggaamlike probleme.

Plek: Gastehuis aan linkerkant van hoofgebou van ALS-groep –
ongeveer 2 km uit Potchefstroom op JHB pad (N12) aan linkerkant

Koste: R140 (sluit in sleutelnotas)

Tyd: 08:00 – 13:00

Navrae en bespreking: 083 660 0409 of wentzelcoetzer@telkomsa.net (huis)
wentzel.coetzer@nwu.ac.za (universiteit)

Handleiding te koop (opsioneel): R120

■ **Uitnodiging na die derde gesamentlike simposium van die Afrika Instituut vir Missiologie en die Lutherse Teologiese Seminarium in Pretoria**

Tema: Die kerklike diakonaat en ons kulturele omgewing

Spreekers: Dr Wilhelm Coetzer (namens AIM) en prof Tim Quill (Ford Wayne in die VSA, namens die LThS)

Plek: Hervormde Gemeente Oos-Moot

Dag: Vrydag 15 Augustus

Tyd: 09:00 – 13:00

Almal is hartlik welkom. Aangesien daar verversings bedien sal word, word voornemende simposiumgangers versoek om prof Natie van Wyk teen Donderdagmiddag 14 Augustus in kennis te stel van hulle voorneme om dit by te woon. Kontak hom by aim1@mweb.co.za of 082 448 4759.

■ **Die volgende vergaderings word in die volgende week op die gewone vergaderplekke gehou:**

- Pensioenraad op Vrydag 8 Augustus
- Raad vir SENTIK op Maandag 11 Augustus
- Gesprek van Moderamen met die VGK op Maandag 11 Augustus
- Gesprek van Moderamen met president van die WARC op Woensdag 13 Augustus

